DR. A. C. OUTLER, „*Psychotherapie en Evangelieverkondiging.*"

In hierdie maklik leesbare en insiggewende werk hou die skrywer hom besig met die grondverskille tussen die psigoanalities georiënteerde Psigoterapie en die Christelike geloof. Hy behandel die verskille onder vier hoofde wat dan ook in werklikheid die vier hoofverskille is. Ten slotte probeer die skrywer om 'n kompromis te bereik ten opsigte van die grondverskille.

Dr. Outler gee blyke daarvan dat hy 'n grondige kennis besit van die Sielkunde oor die algemeen, sowel as van die verskillende psigo-analitiese skole. Daarby getuig sy werk daarvan dat hy oor 'n hoogstaande teologiese kennis beskik. Verder is dr. Outler baie eerlik in sy ontleding van die hele aangeleentheid.

Hy beklemtoon die noodsaak van Psigoterapie in hierdie tyd van verwarring en behandel dan die verskillende hoofpunte waar die psigoterapeutiese ontdekkings en tegnieke vir die Christelike sielsorger van groot nut kan wees—. Maar die naturalistiese en humanistiese filosofie waaruit die Psigo-analistiese terapie gegroei het, is nie te verenig met die

Christelike denke nie. En hierdie onverenigbaarheid behandel hy onder die volgende vier hoofde:

1. Opvatting oor die Persoonlikheid of die Ek.
2. Die Menslike Nood.
3. Die menslike moontlikhede.
4. Die Ordening van die Lewe.

Op elk van hierdie vier gebiede kom die naturalistiese en humanistiese terapeut tot die slotsom dat die mens net aan homself verantwoordelik is. Sy Persoonlikheidsiening is dat die mens nie van transendentale aard is nie. Die menslike nood bestaan daaruit dat die mens alleen staan in 'n onbuigsame wêreld, waarin hyself die enigste buigbare en veranderlike faktor is. Sy moontlikhede om nie in sy nood te bly lewe nie, is ook in homself geleë, want volgens die etiek van die analities georiënteerde psigoterapeutici is die mens in staat tot selfhandhawing op grond van sy eie goedheid. Dit bring dus mee dat God ook verwerp word.

Teenoor elke humanistiese siening plaas Outler daar die Christelike oortuiging, gegrond op Gods Woord. Sy slotsom is dat hoewel die Christelike sielsorger veel kan leer en benut van die psigoterapeut op praktiese gebied, bogenoemde vier punte van verskil prinsipieël so diep verskil dat 'n alliansie onmoontlik is.

Die skrywer soek dan die grond vir 'n alliansie daarin dat die humanistiese psigoterapeutici meer oop sal staan vir die Christelike geloof en die Christengelowige ook van sy Christelike geloofspunte, soos byvoorbeeld die van die erfsonde, moet inboet.

Die boek bied 'n uitstekende uiteensetting van die verskillende denkrigtings op die gebied van die Psigo-terapie, soos byvoorbeeld die van Freud, Adler, Jung, Sullivan, Fromm, Honney ens., met telkens 'n welDeurdagte kritiek op skriftuurlike grondslag daarteenoor.

Die slotsom is egter teleurstellend waar die skrywer as 't ware 'n bondgenootskap bepleit tussen twee „gelowe" wat lynreg teenoor mekaar staan, en wat myns insiens, net nooit verwesenlik kan word nie.

Die woorde van die boek lê daarin dat Outler op eerlike wyse daarop wys dat: (1) die persoonlike probleme tog maar gewoonlik rondom die Godsdiens en die etiek sentreer, en dat 'n subtiele beïnvloeding deur die terapeut nouliks verhoed kan word. (2) Verder dat die „geloofsoortuiging" van die psigo-analities georiënteerde terapeut, in die meeste gevalle die teenoorgestelde as die van die gelowige is. (3) Op grond hiervan is dit dus noodsaaklik dat daar kerkliksielkundige dienste sal wees, sodat die geestes-ontspoorde lidmaat nie sal uitgelewer word aan mense van wie ons nie weet wat hulle glo en leer nie, maar dat hy die voorwerp kan word van die sorg van 'n medegelowige wat oor gespesialiseerde terapeutiese kennis beskik.

Die boek word sterk aanbeveel omdat dit nie alleen insiggewend is nie, maar ook gedagteprikkelend.

Dit is in hardeband gebind en het verskyn by Boekcentrum N.V. 's-Gravenhage en dit is verkrygbaar in die Boekhandel.

S. J. PRINS.